Dickenstraat, Bultfontein, 9670
Tel: 051 853 1140
Faks: 051 853 1676
284, Bultfontein, 9670
bulties@schoolink.co.za
www.bulties.co.za


**GEDRAGSKODE ONDERWYSERS**
**ONDERWYSER TEENOOR LEERDER//OUER/GEMEENSKAP**

**Die onderwyser:**

- Respekteer die waardigheid, geloof en grondwetlike regte van leerders, insluitende die reg op privaatheid en vertroulikheid;
- erken die uniekheid, individualiteit en bepaalde behoeftes van elke leerder en gebruik rigtinggewende leiding en motivering teenoor elke leerder in die ontdekking van sy / haar potensiaal;
- Streef daarna om 'n leerder in staat te stel om waardestellings in lyn met die fundamentele regte, soos uitgebeeld in die grondwet, te ontwikkel;
- Beoefen gesag met deernis;
- vermy enige vorm van vernedering, weerhou hom - / haarself van enige vorm van mishandeling, hetsy fisies en / of psigologies;
- Vermy onbehoorlike fisiese kontak met leerders;
- Bevorder geslagsgelykheid;
- Vermy enige vorm van seksuele afmatigende gedrag, hetsy fisies of andersyds, teenoor leerders;
- Vermy enige seksuele verhouding met enige leerder;
- Sal gepaste taal gebruik en optrede handhaaf in hul interaksie met leerders, om sodoende respek by leerders in te boesem;
- Neem verantwoordelike besluite om die veiligheid van leerders te verseker;
- misbruik nie sy / haar posisie vir enige finansiële, politieke en / of persoonlike gewin nie;
- Is nie nalatig, traag en lui in die uitvoering van sy / haar professionele verantwoordelikhede nie;
- Is altyd eerlik, opreg en regverdig in hul optrede teenoor leerders;
- Erken leerders as vennote in onderwys.

**GEDRAGSKODE VIR OPVOEDERS**

- Opvoeders moet altyd professioneel en beleefd optree teenoor kollegas, leerders, ouers en besoekers.
- Opvoeders moet nie op leerders skree of sarkasties teenoor hulle optree nie.
- Opvoeders moet nie leerders voor hul maats verkleineer of afkraak nie.

Dickenstraat, Bultfontein, 9670
Tel: 051 853 1140
Faks: 051 853 1676
284, Bultfontein, 9670
bulties@schoolink.co.za
www.bulties.co.za


- Leerders mag opvoeders op hul voorname noem, mits hulle meneer/juffrou voor die voornaam gebruik.
- Opvoeders wat van mekaar verskil, moet dit nie voor leerders doen nie, maar in ‘n private hoedanigheid waar hulle alleen is.
- Opvoeders moet betyds vir sportoefeninge, wedstryde aanmeld.
- Opvoeders moet betyds by dienspunte en soggens vir personeelopening wees.
- Opvoeders mag nie sit en klasgee nie.
- Opvoeders mag nie tydens klastyd op hul selfoon praat of sms nie.
- Parkeerplekke onder afdakke is vir aangewese opvoeders, ander kan enige ander plek parkeer.
- Opvoeders mag nie die rekenaars in Carpe Diem vir private aangeleenthede gebruik nie, slegs die in die rekenaarlokaal, na skoolure.
- Opvoeders mag nie kougom in klastyd, tydens sportoefeninge of voor leerders kou nie

**KLEREDRAG**

- Opvoeders moet so ver as moontlik te alle tye netjies en smaakvol geklee wees.
- Opvoeders moet met kleredrag as voorbeeld vir die leerders dien.
- Opvoeders mag nie denims dra nie.
- Opvoeders mag op ‘n Woensdag, wanneer hulle in sportperiode afrig, met ‘n skoolsweetpak skool toe kom.
- Opvoeders mag ook skool toe kom met ‘n skoolsweetpak wanneer sy/haar span daardie dag ‘n wedstryd speel.
- Mans mag in die somer ‘n khaki-kleurige kortbroek dra, wat met ‘n gordel vasmaak. Hulle moet ‘n gholfhemp met ‘n kraag daarby dra.
- Manspersoneel se hemde moet te alle tye ingesteek wees.
- Mans hoef nie das of baadjie tydens wintermaande te dra nie, maar wel ‘n netjiese langbroek en ‘n kraaghemp.
- Geen opvoeder mag plakkies of crocks as skoene dra nie.
- Opvoeders wat sport afrig moet dit in sportdrag doen.
- Mans mag nie in ‘n langbroek ‘n rugbywedstryd blaas nie.

Dickenstraat, Bultfontein, 9670
Tel: 051 853 1140
Faks: 051 853 1676
284, Bultfontein, 9670
bulties@schoolink.co.za
www.bulties.co.za


**PROGRESSIEWE DISSIPLINE**

| Aard van misdryf | Aksie |
|---|---|
| **A. Baie ernstige oortredings:** | **Eerste oortreding** |
| Diefstal, korrupsie, omkopery | Dissiplinêre verhoor |
| Aanranding van personeel, opvoeder, werker | Dissiplinêre verhoor |
| Seksuele verhouding met leerder | Dissiplinêre verhoor |
| Seksuele teistering teenoor kollega, leerder, werker. | Dissiplinêre verhoor |
| Onwettige besit van dwelms. | Dissiplinêre verhoor |
| **B. Ernstige oortredings:** | |
| Versuim om procedures of beleid na te kom. | Dissiplinêre verhoor |
| Diefstal van skooleiendom, nalatigheid teenoor skooleiendom. | Dissiplinêre verhoor |
| Ernstige nalatigheid. | Dissiplinêre verhoor |
| Lyfstraf toedien. | Dissiplinêre verhoor |
| Dreig met fisieke geweld. | Dissiplinêre verhoor |
| Rassistiese aanmerkings. | Dissiplinêre verhoor |
| Veiligheid van ander in gevaar stel. | Dissiplinêre verhoor |
| Insubordinasie. | Dissiplinêre verhoor |
| Finansiële nalatigheid. | Dissiplinêre verhoor |
| Onder invloed van drank en dwelms. | Dissiplinêre verhoor |
| Deelname aan onwettige staking. | Dissiplinêre verhoor |
| Afwesigheid sonder verlof. | Dissiplinêre verhoor |
| **C. Minder ernstige oortredings:** | |
| Uitlek van konfidensiële inligting. | Skriftelike waarskuwing |
| Private aktiwiteite tydens skoolure. | Skriftelike waarskuwing |
| Verlies van skooleiendom. | Skriftelike waarskuwing |
| Gereelde afwesigheid met swak verskonings. | Skriftelike waarskuwing |
| Ignoreer veiligheids- en sekuriteitsmaatreëls. | Skriftelike waarskuwing |
| Gereelde laatkom. | Skriftelike waarskuwing |
| Rook in verbode gebied. | Mondelinge waarskuwing |

Dickenstraat, Bultfontein, 9670
Tel: 051 853 1140
Faks: 051 853 1676
284, Bultfontein, 9670
bulties@schoolink.co.za
www.bulties.co.za


| | |
|---|---|
| Onprofessionele optrede. | Mondelinge waarskuwing |
| Swak nasorg, nakom van dienste. | Mondelinge waarskuwing |
| Verlaat werk vroeg, sonder toestemming. | Mondelinge waarskuwing |
| Ruik na drank. | Mondelinge waarskuwing |

**Gedragskode Bladsy 11 GEDRAG: ONDERWYSER**

**Teenoor die ouer**

- Die onderwyser, waar van toepassing:
- Erken ouers as vennote van onderwys en bevorder 'n verhouding van harmonie met hulle;
- Doen alles prakties moontlik om ouers volledig en stiptelik ingelig te hou rakende die welstand en vordering van hulle kind. GEDRAG: ONDERWYSER TEENOOR DIE GEMEENSKAP Die onderwyser:
- Erken dat 'n opvoedkundige inrigting die gemeenskap waarbinne dit gesetel is, dien en dat daar 'n verskeidenheid gebruike, kodes en gelowe binne so 'n gemeenskap bestaan; en
- Gedra hom- / haarself op so 'n wyse dat die respek vir die verskeidenheid gebruike, kodes en gelowe binne die gemeenskap gerespekteer word.

**GEDRAG: ONDERWYSER TEENOOR SY / HAAR KOLLEGA**

**Die Onderwyser:**

- Weerhou hom- / haarself van die ondermyning van die status en gesag van enige kollega;
- Respekteer en erken die verskeidenheid van verantwoordelikhede aan kollegas toegeken met gesag daaruit voortspruitend, om sodoende die progressiewe verloop van die opvoedkundige proses by die opvoedkundige inrigting te verseker;
- Aanvaar regmatige prosedures vir die aanspreek van kwessies, professionele onbevoegdheid en wangedrag;
- Bevorder geslagsgelykheid;
- weerhou hom- / haarself van enige seksuele teistering, fisies of andersyds, van 'n kollega; • sal gepaste taal gebruik en optrede handhaaf in hul interaksie met kollegas;
- Vermy enige vorm van vernedering, weerhou hom- / haarself van enige vorm van mishandeling, hetsy fisies en / of sielkundig, teenoor enige kollega; gedragskode bladsy 12
- is lojaal teenoor sy / haar skool, skoolhoof, kollegas, leerders en ouers.

**GEDRAG: ONDERWYSER EN DIE BEROEP**

**Die onderwyser:**

- Erken dat die beoefening van sy / haar professionele verantwoordelikhede geskied binne die raamwerk van samewerking met en die ondersteuning van kollegas;
- Tree op en gedra hom- / haarself op 'n wyse wat die status en waardigheid van die onderwys professie bevorder en nie skaad nie;
- Bly op die voorgrond van opvoedkundige tendense en ontwikkelings;
- Bevorder konstante ontwikkeling van onderwys / opvoeding as 'n beroep;
- Aanvaar sy / haar verantwoordelikheid m.b.t. Die insluiting, opname en induksie van nuwe lede van die onderwys beroep.

**GEDRAG: ONDERWYSER TEENOOR SY / HAAR WERKGEWER**

Die onderwyser:

- Erken die werkgewer as 'n vennoot binne opvoeding / onderwys;
- Erken dat sekere verantwoordelikhede en gesag deur wetgewing in die werkgewer gesetel is;
- Dien sy / haar werkgewer na die beste van sy / haar vermoë;
- Weerhou hom- / haarself van die kommunikeer van enige vertroulike en amptelike aangeleenthede met ongemagtigde persoon/ -e.

**Gedragskode Bladsy 13 PERSONEEL EN WANGEDRAG Rook Volgens Wet, word rook verbied in alle ommuurde openbare plekke. Rook is spesifiek verbode in:**

- Klaskamer / -sentrum waar leerders teenwoordig is.
- Personeelkamer.
- Administratiewe kantore.
- Enige skoolgebou waar leerders of nie- rokers teenwoordig is.
- Busse of enige amptelike skoolvoertuig waar leerders of nie-rokers vervoer word. Alkoholgebruik Alkoholgebruik is verbode:
- Tydens werksure, uitgesluit uitsonderlike goedgekeurde funksies wat tydens skoolure aangebied word byvoorbeeld die Graad 7 ete vir personeel.
- Terwyl skoolvoertuie bestuur word.
- In situasies waar dit aanstoot kan gee of die beroep se integriteit in gedrang kan bring.

Dickenstraat, Bultfontein, 9670
Tel: 051 853 1140
Faks: 051 853 1676
284, Bultfontein, 9670
bulties@schoolink.co.za
www.bulties.co.za


**GEDRAGSKODE VIR PERSONEEL** :

- Personeel sal poog om te alle tye die beste belange van die skool te bevorder deur homself of haarself te weerhou van enige handeling of versuim wat die belange van die skool benadeel of waarskynlik kan benadeel.
- Geen handeling of versuim sal verrig word wat die goeie naam, die regte of die statutêre rol in die onderwys van die beheerraad, 'n persoon in diens by die skool, of 'n leerder of ouer van die skool onredelikerwys benadeel of waarskynlik kan benadeel nie;
- Ondermyn nie die status van sy / haar kollegas nie; Gedragskode Bladsy 14
- Bevorder geslagsgelykheid en weerhou hom- / haarself van teistering (fisies of andersins) van sy of haar kollegas en in besonder leerders;
- Erken die onderskeie verantwoordelikhede wat aan kollegas opgedra is en die gesag wat daaruit voortvloei om sodoende die soepele funksionering van die inrigting te verseker.
- Erken dat sy of haar professionele pligte binne 'n konteks van samewerking met en ondersteuning van kollegas uitgevoer word, en tree dus so op dat dit die waardigheid en status van die professie bevorder.

**DIE REGTE VAN DIE PERSONEEL**

Soos elke burger van die land, het personeellede sekere regte wat beskerm word binne die Grondwet. Die fundamentele regte van personeellede word verder beskerm deur die beginsels van die gemenereg en nasionale wetgewing. Ek, as personeellid, weet ek is geregtig op die volgende:

- Gelykheid.
- Menswaardigheid.
- Privaatheid en om my lewe te lei met die minimum inmenging. Dit omvat privaat, gesins- en huislike lewe, fisiese en morele integriteit, eer en reputasie. My reg op privaatheid behels ook dat ek die reg het om nie in 'n swak lig of in die verleentheid gestel te word nie en die reg het op aanspraak op vertroulikheid.
- Vryheid van geloof en mening.

- Vryheid van uitdrukking: My reg op uitdrukking kan egter beperk word in soverre dit ander persone se regte of vryhede bedreig, of in belang van onderwys is.
- Vryheid van assosiasie.
- politieke regte.
- Arbeidsregte.
- Taal en kultuur.

Beskerming van en respek vir my waardigheid as personeellid. Ek is gedagtig daaraan dat hierdie verhouding nie afgedwing kan word nie, maar deur my optrede verdien moet word.

My regte as personeellid word egter altyd opgeweeg teenoor dit wat in die beste belang van die behoud van 'n effektiewe, samehorige onderwys en leeromgewing is.

**<u>Gedragskode Bladsy 15 Leerderoptrede wat in stryd is met my regte as personeellid moet altyd beoordeel word teen die agtergrond van die eienskappe eie aan dié van 'n leerder, naamlik:</u>**

- Gebrek aan oordeel.
- Gebrek aan rasionele denke.
- Emosionele onvolwassenheid.
- Impulsiewe gedrag.

**<u>Ek, die personeellid, verklaar voorts:</u>**

- Ek besef dat dit 'n voorreg is om by Hoërskool Bultfontein in diens te wees. Daarom belowe ek:
- Om my beste te lewer vir die skool.
- Om betyds te wees.
- Om my werk na die beste van my vermoë te verrig.
- Om die skoolreëls toe te pas.
- Om te alle tye professioneel teenoor leerders, personeel, nie-personeel en ouers op te tree.
- Om altyd konsekwent op te tree.

Dickenstraat, Bultfontein, 9670
Tel: 051 853 1140
Faks: 051 853 1676
284, Bultfontein, 9670
bulties@schoolink.co.za
www.bulties.co.za


**Hoërskool Bultfontein het 'n grootse naam en geskiedenis. Daarom onderneem ek:**

- Om ongeag waar ek is, so op te tree dat die skool se goeie naam nie skade ly nie.
- Om 'n voorbeeld te stel met my optrede binne en buite die skoolgronde.
- Om professioneel aanvaarbare kleredrag en voorkoms te handhaaf tydens werksure. 3. Ek is 'n individu en volwassene in eie reg. Daarom gaan ek:
- My weerhou van enige negatiewe gedrag, kwaadpraat en skinderstories teenoor die onderwysers, my kollegas, alle leerders en ouers.
- Onderwysers en my kollegas te ondersteun en deel te wees van die Laerskool Jan van Riebeeck span.
- Ander se reg op regverdigheid, respek en sukses te erken. Gedragskode Bladsy 16

**GEDRAG: PERSONEELLID TEENOOR DIE LEERDER**
**Die personeellid:**

- Respekteer die waardigheid, geloof en grondwetlike regte van leerders, insluitende die reg op privaatheid en vertroulikheid;
- Beoefen gesag met deernis;
- vermy enige vorm van vernedering, weerhou hom - / haarself van enige vorm van mishandeling, hetsy fisies en / of psigologies;
- Vermy onbehoorlike fisiese kontak met leerders;
- Bevorder geslagsgelykheid;
- Vermy enige vorm van seksuele afmatigende gedrag, hetsy fisies of andersyds, teenoor leerders;
- vermy enige seksuele verhouding met enige leerder;
- Sal gepaste taal gebruik en optrede handhaaf in hul interaksie met leerders, om sodoende respek by leerders in te boesem;
- Neem verantwoordelike besluite om die veiligheid van leerders te verseker;
- Misbruik nie sy / haar posisie vir enige finansiële, politieke en / of persoonlike gewin nie;
- is nie nalatig, traag en lui in die uitvoering van sy / haar professionele verantwoordelikhede nie;
- is altyd eerlik, opreg en regverdig in hul optrede teenoor leerders.

Dickenstraat, Bultfontein, 9670
Tel: 051 853 1140
Faks: 051 853 1676
284, Bultfontein, 9670
bulties@schoolink.co.za
www.bulties.co.za


**GEDRAG: PERSONEELLID TEENOOR DIE OUER**
**Die personeellid, waar van toepassing:**

- Erken ouers as vennote en bevorder 'n verhouding van harmonie met hulle;
- Waar van toepassing, doen alles prakties moontlik om ouers volledig en stiptelik ingelig te hou rakende die welstand en vordering van hulle kind.

**Gedragskode Bladsy 17 GEDRAG: PERSONEELLID TEENOOR DIE GEMEENSKAP**
**Die personeellid:**

- Erken dat 'n opvoedkundige inrigting die gemeenskap waarbinne dit gesetel is, dien en dat daar 'n verskeidenheid gebruike, kodes en gelowe binne so 'n gemeenskap bestaan; en
- gedra hom- / haarself op so 'n wyse dat die respek vir die verskeidenheid gebruike, kodes en gelowe binne die gemeenskap gerespekteer word.

**Gedragskode Bladsy 19 D. GEDRAGSKODE VIR NIE-PERSONEELLEDE**

- Nie-personeellede (kontrakteurs en diensverskaffers) sal poog om te alle tye die beste belange van die skool te bevorder deur homself of haarself te weerhou van enige handeling of versuim wat die belange van die skool benadeel of waarskynlik kan benadeel.
- Geen handeling of versuim sal verrig word wat die goeie naam, die regte of die statutêre rol in die onderwys van die beheerraad, 'n persoon in diens by die skool, of 'n leerder of ouer van die skool onredelikerwys benadeel of waarskynlik kan benadeel nie;
- Bevorder geslagsgelykheid en weerhou hom- / haarself van teistering (fisies of andersins) van onderwysers, personeellede en in besonder leerders;
- Erken dat sy of haar professionele pligte binne 'n konteks van samewerking met en ondersteuning van onderwysers en personeellede uitgevoer word, en tree dus so op dat dit die waardigheid en status van die professie bevorder.

Hoërskool Bultfontein
Dickenstraat, Bultfontein, 9670
Tel: 051 853 1140
Faks: 051 853 1676
284, Bultfontein, 9670
bulties@schoolink.co.za
www.bulties.co.za
Gehalte onderwys - sedert 1881

**GEDRAG: NIE-PERSONEELLID**

**TEENOOR ONDERWYSERS EN PERSONEELLEDE Die nie-personeellid:**

- Weerhou hom- / haarself van die ondermyning van die status en gesag van enige onderwyser en / of personeellid;
- Respekteer en erken die verskeidenheid van verantwoordelikhede aan onderwysers en / of personeellede toegeken met gesag daaruit voortspruitend, om sodoende die progressiewe verloop van die opvoedkundige proses by die opvoedkundige inrigting te verseker;
- aanvaar regmatige prosedures vir die aanspreek van kwessies, professionele onbevoegdheid en wangedrag; gedragskode bladsy 23
- Bevorder geslagsgelykheid;
- Weerhou hom- / haarself van enige seksuele teistering, fisies of andersyds, van 'n onderwyser en / of pesoneellid;
- Sal gepaste taal gebruik en optrede handhaaf in hul interaksie met ondewyers en / of personeellede;
- Vermy enige vorm van vernedering, weerhou hom- / haarself van enige vorm van mishandeling, hetsy fisies en / of sielkundig, teenoor enige onderwyser en / of personeellid;
- Is lojaal teenoor die skool, skoolhoof, onderwysers, personeellede, leerders en ouers.

Mnr.PW van Zyl　　　　　　　　Datum
WNDE Skoolhoof

____________________　　　　__________________

Mnr. P Kotze　　　　　　　　Datum
Beheerliggaam Voorsitter

____________________　　　　__________________